DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

'N LIGTENDE LIG

In u hande hou u nou die eerste uitgawe van die Olielamp vas in sy vyfde jaargang, 2001. Vir vyf jaar het die Here die werk van die Olielamp in Suid-Afrika geseën en mog die Olielamp funksioneer as 'n spreekbuis deur die jeug vir die jeug van die VGKSA. Alhoewel die afgelope vyf jaar 'n periode was van val en opstaan, het die Olielamp tog gereeld verskyn, alhoewel daar variasie was in die dikte van die blad. Die Olielamp-redaksies in Suid-Afrika kan opreg met dankbaarheid terug kyk na die afgelope paar jaar en die Here se leidende hand ook daarin raak sien.

Ons hoop en vertrou dat die Here ook leiding sal gee in die toekoms en dat die blad mag groei in kwaliteit en relevansie vir die kerkjeug.
Die Olielamp is besig om momentum te kry vir hierdie jaar met 'n internasionale uitgawe wat beplan word in samewerking met jeugblaaie in ons susterkerke in Australië, Kanada en Nederland. Met vandag se vinnige kommunikasie-moontlikhede is so 'n uitgawe baie eenvoudig as die regte kontakte eers gevorm is. Sodoende word die internasionale bande van die gemeenskap van die Heiliges ook versterk en uitgebrei.
Dit is kortliks die agtergrond oor die werk van die Olielamp as blad van die jeug in die VGKSA waardeur ons poog om 'n ligtende lig in die wêreld te wees.

Mat. 5:16
Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Namens die Pretoria-redaksie
Rinus Kamphuis

INHOUD

Uit die Woord
Vrees ons die wederkoms? 2
Geloof gee krag om te ly 3

Oppad
Lewenskeuses 5
Convention 2001: Bold Love 6
Spieël 8

Voel jy ook so?
Reaksie op "Kyk is vry, of nie?" 10

Sosiaal
Eerstejaars vannie Kaap 10
Deur die sleutelgat 11
Gedagtes vanuit London 13
Voetspoor 14

Nog iets…
TIDE 14
Kind van Versoening & One True Thing 15
Nuwejaarsvoornemens 16
Verjaarsdae 16

MOET EK BANG WEES VIR DIE WEDERKOMS?

Alex van Houwelingen

"Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad" - 2 Kor 5:10

Aan die begin van die jaar en in oujaarsaandpreke en gebede word baie keer gesê "Kom Here Jesus, kom gou" en mens het dan altyd 'n sekere verwagting – gaan die Here Jesus hierdie jaar terugkom? Maar hoe is hierdie verwagting ? As goed gereformeerde mense sien ons uit daarna, want dan is alle sorge en moeites weg, maar as mens langer dink en jy kyk na die oordeelsdag self, dan voel mens tog wel 'n bietjie anders. Want is dit, as mens eerlik is, wel so 'n blye vooruitsig om 'van elke ydele woord rekenskap af te moet lê' (Matt 12:36)? En as mens Openbaring 20:12 en 2 Korinthiërs 5:10 lees, kry mens al 'n beeld voor jou van 'n wêreldwye televisie-uitsending van 'n regsitting, *jy* is die verdagte en die hele mensdom kyk. Jy kom voor God; heeltemaal alleen, en in 'n boek staan *alles* oor jou. Elke klein sondetjie, selfs dit 'wat niemand kon sien nie', word voorgelees en almal kan dit sien en hoor! Jy kry by die gedagte alleen al nagmerries. Is alles nog wel so mooi? Sien ek nog wel uit na die wederkoms? Sou jy dan tog nie eerder lekker op die aarde wil bly nie, en rustig aangaan en sondig (natuurlik nog steeds sonder dat iemand dit kan sien)?

As mens hierdie beelde en tekste lees, wonder mens ook hoekom mens nog vir die vergewing van sondes bid. Dit word dalk vergewe… maar tog nie *regtig* nie. Op die laaste dag kom alles weer oorduidelik te voorskyn.

Gelukkig is alles nie heeltemaal so nie. Dit *sal* voor almal wees, en van alle ydele woorde *moet* rekenskap afgelê word, maar Christus is nie daar om net te *ver*oordeel nie, hy is daar om jou te *be*oordeel. Hy het gesorg dat dit so is. God gaan nie op die oordeelsdag al die 'swart bladsye' oor jou voorlees nie. Hy wil dit deur Christus vergeet. Maar Hy sal dan voorlees wat jy gedoen het vir God en hoe jy van jou geloof getuig het. Gelukkig vergeet Hy *dit* nie.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis (kamphuisrk@hotmail.com)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman

Maranata:
Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
Penningmeesteresse: Cora Visser
Lede: Margreet Bron
Frans Hagg
Anita Drijfhout
Marie Louise van den Bout
Daniël van der Meulen

Kaapstad:
Redaktrise: Lieneke Eefting (lieneke@xsinet.co.za)
Artikelversorging: Christine van der Linden
Jaco Haak
Sekretaresse: Maartje Eefting
Finansies: Margreet Moes

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

Dit beteken nie dat ons nou kan doen wat ons wil en nie hoef om te gee nie, ons is nog ewe sleg, en het alle rede tot veroordeling: ons het teen alle gebooie swaar gesondig. Dus alle rede daartoe dat God ons nie wil vryspreek nie. Dit is te erg.

Maar gelukkig wou God ons tòg vergewe, want al kan ons niks goeds doen nie, Christus het die sondes op Hom geneem en daardeur is ons verlos. Ons kan skuil agter God se Seun. Hy sal al die beskuldiginge tydens die verhoor op Hom neem. Daar is geen verrassing meer in die uitspraak nie: ons weet dit uit die Bybel: Christus het oorwin! Ons *is* vergewe!

Ons kan dus sonder enige nagmerrie-beelde na die wederkoms verlang, want al maak ons elke keer die feeskleed vir die bruilof van die Lam weer **baie** vuil met sondes, elke dag was Christus dit weer met sy bloed. En al doen ons dit *altyd*, Hy raak nie ongeduldig nie. Dis rede tot dankbaarheid en groot blydskap. En *so* sal dit ook wees op die laaste dag.

DIE GELOOF GEE KRAG OM TE LY

Vertaalde stuk uit "In Gods Arena" deur ds. D. Grutter

" …ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te verkry. Ander weer het die proef van bespottinge en gèselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis. Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek en deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle ; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel – die wêreld was hulle nie werd nie – hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond. " - Hebreërs 11 : 35b – 38

Dit lyk of die geloof in God jou sukses verseker. Hebreërs 11 vertel van magtige dinge. Die klein Moses word gered deur die geloof. Noag oorleef die sondvloed. Ragab word gespaar in Jerigo. Daniël word gered uit die leeukuil, sy vriende uit die brandende vuuroond van Nebukadnesar. Dit lyk asof gelowiges 'n suksesstorie beleef. So word daar ook soms geëvangeliseer : Jesus red jou uit al jou probleme.

Daar is 'n sekere boek genaamd : SELLING JESUS. Hoe verkoop jy Jesus. In daardie bekritiseerde evangelie-metode word Jesus verkoop soos waspoeier. Soos ons die advertensie ken. "Nie tevrede met jou waspoeier nie? Die wasgoed word nie spierwit nie, maar bly vol vlekke? Hardnekkige kolle bly sigbaar? Wel, nou is daar die nuwe Skip UltraWhite." So verkoop mense ook Jesus. " Is jy nie gelukkig met jou lewe nie? Het jy probleme? Draai jy vas? Wel, dan is daar Jesus. Aanvaar Hom en dit gaan beter in jou lewe."

Die ervaring van die Hebreërs is baie anders. Hulle het die Evangelie van Christus aangeneem, maar dit het hulle nie vreugde of geluk gebring nie. Inteendeel : dit het lyding gebring.

Ly vanweë die geloof

Ook in daardie opsig het die skrywer iets te sê : Die krag van die geloof is so groot dat mense nie net vir God kies wanneer alles goed verloop nie, maar ook as die teendeel gebeur. Dit was al duidelik sigbaar toe die drie vriende van Daniël voor Nebukadnesar staan by die vuuroond. Toe die koning meen dat niemand meer hulle kan red nie, bely hulle hul geloof. Hulle sê : Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die vuuroond, en Hy sal ons ook red uit U mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie. (Daniël 3 : 17, 18)

Selfs indien nie – Sadrag , Mesag en Abednègo hou daarmee rekening dat hulle sou verbrand. God red nie uit alle ellende nie. Maar hulle geloof wyk nie.

So is daar vele wat hulle laat martel het. Ja,sommige wou selfs niks weet van 'n moontlike redding nie, om aan 'n beter opstanding, 'n beter lewe deel te hê. Hier word waarskynlik gedink aan gebeurtenisse uit die tyd van die Makkabeërs. 'n Stuk kerkgeskiedenis, wat nie in die Bybel staan nie, maar wel bekend is. Dit het homself afgespeel in die skrikbewind van koning Antiochus Epifanes, 'n Siriese vors, wat die diens van die Here wou uiroei. Daarom het hy die beeld van

Zeus, die oppergod van die Grieke, in die tempel geplaas en verbied om na die wet van God te lewe. In die dae weier die ou skrifgeleerde Eleasar om die, deur die koning voorgeskrewe, varkvleis van heidense offers te eet. Om hom van die dood te red het diegene wat moes toesien dat die koning se bevel uitgevoer word, hom raad gegee om rein vleis te eet. Dan kon hy maak asof hy varkvleis eet. Hy wys die kans om vervolging te ontkom van die hand. Toe word hy dood gegesel (2 Makkabeërs 6 : 18-31). Ook in die volgende hoofstuk vind ons so 'n verhaal. Hulle wou deel hê aan 'n beter opstanding, 'n beter lewe as wat hulle nou aangebied word by die verloëning van God en sy Woord.

Sulke gebeurtenisse is bekend deur die kerk-geskiedenis. Ons word daardeur bemoedig. Ons sien hoe belangrik dit is om die geskiedenis van die kerk te ken, daaruit put ons vandag moed. Dit is immers ons geskiedenis ook. Treffend word in woorde uitgedruk deur 'n bekende joodse advokaat Moszkowics sr. Toe aan hom tydens 'n televisie-program gevra word of hy glo in die verhale van die ou Testament, sê hy kragtig : "Nee, ek glo dit nie, ek weet dit. Ons het daarby gestaan". Daar is nog vele voorbeelde bekend uit die Geskrifte of die geskiedenis van die ou Testament. Die profeet Jeremia word in die gevangenis gegooi. Sagaria, seun van Jojada was gesteníg. Izebel het vele profete met die swaard vermoor. Ander moes vlug. Tot daardie **alles** stel die geloof mens in staat.

Ly tot eer van God

Wanneer jy in die Here glo is dit nie 'n versekering vir 'n sukses-storie nie. Baie troue kinders van God het baie moeilikhede in hulle lewe gehad. Baie keer was hulle lyding bitter en swaar. Jeremia het sy geboortedag vervloek. Ook Job word bestorm met vrae. Deur die geloof het hulle krag in hulle swakheid ontvang. Daarmee wil die skrywer sy lesers 'n riem onder die hart gee. Hy verstaan dat hulle moeilikhede ondervind. Maar dan moet hulle nie moed verloor nie, maar des te meer hulle vertroue op die Here stel. Hulle sal dan krag ontvang om te lewe as ware christene.

Om te ly hoort ook daarby. Dit is selfs tot eer van God. Psalm 116 sê : "Kosbaar is in die oë van die Here die dood van sy gunsgenote". Deur die lyding word die Here geëer. Die satan wat die mense van die Here wil aftrek, lei dan duidelik 'n nederlaag. Dink maar aan die geskiedenis van Job. Daar beweer satan dat die liefde van Job vir God nie veel voorstel nie. Job kry dit maar moeilik, maar hy laat die Here nie los nie.
Juis die lyding van die gelowiges is tot eer van God. Ook die mense ontdek dit. Dit word selfs 'n gesegde: "Die bloed van die martelare is die saad van die kerk". Waar mense die brandstapel moes betree vir die geloof, of verskeur deur wilde diere in die arena's van Rome, het daar nuwe gelowiges gekom. So word die lesers aangespoor om die lyding te aanvaar.

Lyding met groot waarde

Die Here laat ons ook sien dat ons lyding in Sy oë kosbaar is. Die gevolgtrekking is immers : 'die wêreld was hulle nie werd nie'. Die wêreld het gesê: weg met hulle. Maar in God se oë is mense wat gelowig ly besonder waardevol. 'n Nuwe lewe werd op 'n nuwe aarde. Dit sal hulle ontvang.

Vandaar dat die Here ook sê : "Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die Hemele; Want so het hulle die profete vervolg wat voor julle was" (Matt. 5:11,12).
Soos Hy dit ook belowe wanneer Hy sê : "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of ouers of broers of vrou of kinders verlaat het terwille van die koninkryk van God, wat nie baiemaal soveel in hierdie tyd sal ontvang nie en die ewige lewe in die eeu wat kom" (Luk. 18:29-30). Maar in die lys hoort ook vervolging, soos blyk uit Markus 10:30.

Wie vir die Here kies sal agterkom dat hy deur die geloof inderdaad in moeite, sorge en verdriet sal kom. Ja, sterker en beter as wat hy ooit verwag het. Geloof beteken nie altyd dat ons verlos word van sorge en verdriet nie. Wie dit dink, sou maklik in die strikke van die satan kon val. Hy hou mense telkens voor : As God so iets doen, kan Hy nie jou God wees nie. Of dan het jy waarskynlik jou kans verspeel. Ons mag weet dat die Here hom in sulke situasies nie van ons afkeer nie, inteendeel, Hy wend Hom dan des te meer na ons toe.

Al is die lewe hier met Christus geen waarborg vir 'n sukses-storie nie, uiteindelik sal almal gekroon word met eer en heerlikheid. Hulle is meer as oorwinnaars deur Christus wat hulle krag gee. Ook dit mag die lesers van die brief weet. Die lesers van destyds en vandag!

LEWENSKEUSES

Wilma Lubbinge

Hierdie artikel bestaan hoofsaaklik uit ‘n verkorte weergawe van ‘n hoofstuk uit Dr. James Dobson se boek *Reik na More*.

Tussen sestien en ses en twintig beleef ons die kritieke dekade van ons lewe. Ons verander van ‘n kind wat nog onder ons ouers se dak slaap en hulle kos eet, na ‘n volwassene wat sy eie brood behoort te verdien en volledig self verantwoordelikheid aanvaar vir sy lewe. Om verantwoordelikheid te aanvaar, beteken om self besluite te neem - ons moet lewensbelangrike besluite neem. Besluite wat die res van ons lewens drasties gaan beïnvloed.
Dit is besluite soos: Wat gaan ek studeer? Waar gaan ek studeer? Waar gaan ek werk? Met wie sal ek trou? Wat is my waardes en beginsels? Is ek ‘n lewende gelowige? Wat is my rol in die Kerk? Wat is my sterk en swak eienskappe?

Die invloed van vroeë oordeelsfoute maak hierdie tydperk nog belangriker, want dit wat nog moet kom kan hierdeur ondergrawe word. ‘n Messelaar weet hy moet sorg dat sy fondament absoluut reguit is, want enige fout daar sal ‘n groter fout hoër op tot gevolg hê. So gaan dit ook in die lewe.

So worstel ons almal met die vrae, maar ons praat bitter min daaroor. Dit is hier waar dit belangrik is om die volgende te doen: Bid daaroor, lees die Bybel, praat met ouer mense, maar ook jong mense daaroor, lees daaroor.

Een van die belangrikste besluite is sekerlik: Met wie sal ek trou? Tydens Kongres 1999 is die onderwerp in ‘n werkswinkel bespreek, en nou volg ‘n uitbreiding daarop deur Dr. James Dobson.

Hy het ‘n paar punte opgestel oor: **Hoe om ewigdurende liefde te vind.**

- Moenie trou met iemand van wie jy dink jy sal kan klaarkom nie. Trou met die een sonder wie jy nie kan klaarkom nie.

- Moenie met iemand trou wat karaktereienskappe het wat vir jou heeltemaal onaanvaarbaar is nie. Jy is dalk van plan om dit te verander as julle eers getroud is, maar dit sal waarskynlik nie gebeur nie. Ons gedragspatrone vloei in diep kanale wat reeds vroeg in ons kinderjare vasgelê is en hulle is baie moeilik om te verander. As jy dus nie kan saamleef met ‘n eienskap wat tydens die hofmaakperiode kop uit steek nie, gaan dit jou dalk die res van jou lewe pla. Jy moet dus besluit of jy met die spesifieke eienskap kan saam leef of nie. Hou jou oë wyd oop voor die troue en half toe daarna!

- Moenie impulsief trou nie. ‘n Blits-troue is die resep vir ‘n stormagtige huwelik en ongelukkige lewe. Dit neem tyd om mekaar te leer ken en aan mekaar te bind. Onthou dat hofmakery dikwels daarop gemik is om die dinge te verberg. Albei sit hulle beste voetjie voor, omdat die een die ander wil beïndruk. Hulle bewaar die geheime wat die ander een sal afsit. Daarom kry pasgetroudes ‘n groot verassing die eerste jaar van hulle huwelikslewe. Neem ten minste ‘n jaar om mekaar goed te leer ken, en agter die masker te kom om werklik die innerlike mens te leer ken.

- As jou maat nie ‘n toegewyde Christen is nie, sal dit vir jou moeilik wees om in dieselfde juk as hy/sy te trek. Jy dink dalk dat jy hom of haar vir die Here kan wen na die troue, en dit gebeur wel soms, maar dit is riskant en hardkoppig om daarop te reken. Weereens moet die volgende vraag beantwoord word: “Presies hoe belangrik is dit dat my man (of vrou) my geloof deel?” As dit noodsaaklik en ononderhandelbaar is, soos wat die Skrif sê dat dit vir gelowiges moet wees, dan moet hierdie saak die hoogste prioriteit wees in jou besluit om te trou.

- Moenie met iemand gaan bly voor jy trou nie. Dis om baie redes nie ‘n goeie idee nie. Eerstens is dit verkeerd en ‘n oortreding van God se gebod. Tweedens ondermyn dit die verhouding en lei dit ook dikwels tot egskeiding. Paartjies wat eers saam bly, het ook dikwels ‘n minder bevredigende en onstandvastige huwelik. Waarom? Navorsers het bevind dat diegene wat saam gebly het, later spyt gekry het omdat hulle “hulle morele standaarde geweld aangedoen het”, en “‘n verlies aan

persoonlike vryheid om by die agterdeur uit te kan kom" ervaar het. So 'n paartjie het 'n vlak van intimiteit gesteel sonder dat dit gerugsteun word deur 'n vlak van toewyding aanmekaar. Dit blyk dus dat God se manier nie net die regte manier is nie, maar ook die gesondste vir al die betrokkenes.

- Moenie te jonk trou nie. Om as gesin te slaag, vereis 'n paar eienskappe wat saam met volwassenheid kom, soos onselfsugtigheid, standvastigheid en selfbeheersing. Dit is beter om te wag as om later spyt te wees.

- **Die sukses van 'n huwelik is eenvoudig die neweproduk van 'n ysere vasberadenheid om dit te laat werk.**

Wat God dan saamgevoeg het , mag geen mens skei nie.
Markus 10:9

CONVENTION 2001: BOLD LOVE

Willemien & Cornelis Kleyn

The youth of our Australian sister churches recently hosted a Convention. We were privileged to be able to attend it along with about 200 youths of our sister churches. The mornings were filled by the inspirational speeches of Rev. Stam, followed by stimulating group discussions. The afternoons and evenings were packed with relaxation activities, including a photo car rally, a peg rally, a singalong, beach activities and a visit to a swimming pool with supertubes. The last evening of the convention we finished off with a semi-formal dinner. The theme of the Convention was BOLD LOVE. What follows are summaries of Rev. Stam's four speeches on this topic.

Love as a Calling – Introductory Speech held on Thursday, 4 January
Boldness and love are often considered opposites. A person may be considered unloving when he/she boldly forces him/herself on other people. Yet love must also be bold. True love does not fear (1 John 4:18).

In 1 John 4:7-21 we read about God's love for us. In this passage we read that God IS love (8). God's love brought Him into action. He sent His Son to die for our sins (see also John 3:16). God's love must now also spur us on to actively show our love for one another.

But what is true love? In 2 Timothy 3:2-5, Paul tells about people who have various warped versions of love, "lovers of themselves, lovers of money…not lovers of good…lovers of pleasure rather than lovers of God." He warns us to have nothing to do with such people. That is not true love. It is anti-God.

True love is obeying God's law. We must work on developing godly and loving habits.

Paul says in Romans 7:21-23 that it is extremely difficult to truly love. It is only through God's working in us that we can become truly loving.

True love flows from the covenant that God has made with us. God has come to us in His grace and has sent His Son to die for our sins. This covenant does not lead to carelessness, but rather makes us active (HC, q/a 64).

Love as a Gift – Speech held on Friday, 5 January
God's love can be compared to a stream. We must stand in that stream in order to live.

Love is the greatest gift that exists (1 Corinthians 13). The Corinthians thought that speaking in tongues was the greatest gift. Paul corrects them. Without love all gifts (including speaking in tongues) are worthless.

Love bears patiently with other people. It is not self-directed.

We often hear people say, "don't use the words 'never' or 'always' because those words are too big". Yet it is appropriate to use those terms when describing love. Love can *always* be described by positive terms: "it always protects, always trusts, always hopes, always perseveres" (7). Likewise it can be said that love *never* ceases. Love will last into eternity.

When we look at this description of love, we realise that we fall far short. Our actions cannot be described

by the term "always." But we must remember that this passage talks about love and not about us. Love will always do those things. In other words, God will always do those things, because God is love.

Love as an Experience – Speech held on Saturday, 6 January
God's love must change our lives. We must be different from (not better than) other people. This difference is God's working in us (Ephesians 2:10).

The Greek language has 3 different terms for love:

Agape – The love of God
Philia – Friendship love
Eros – Sexual love

So next time you catch yourself talking about others for more than 5 minutes, remind one another to pray for those people.

Let's take a quick look at Eros. Sexuality is a beautiful gift from God. But we must remember what it says in Song of Song 2:7 "Do not arouse or awaken love until it so desires." Paul likewise warns against sexual immorality (1 Thessalonians 4:3-5).

It is often said that love is a matter of give and take. But this is not correct. Love does not take. Love is in reality a matter of give and *receive.*

In Romans 12:9-21 Paul gives instructions about love. In verse 9 he gives a personal instruction to be sincere. In verses 10-13 he gives instructions for love within the Church. In verses 14-21 he gives instructions for showing love within society. Love must be sincere at all levels.

We often gossip about people. There would be nothing wrong with talking about other people IF we are also prepared to pray for the people we are talking about. So next time you catch yourself talking about others for more than 5 minutes, remind one another to pray for those people.

In showing love to people, it often seems so daunting, because there are so many people in need. But remember that the only way to start is to start with one.

Love is not an option, it is a debt. We constantly owing others love (Romans 13:8). Jesus however was never in love debt. He fulfilled the law of love, loving His own until the very end (John 13:1).

The triumph of Love – Final Speech held on Monday, 8 January
Love must triumph in our lives. If it doesn't we will also not be able to show love to others.

In Romans 8 Paul begins by focusing on the future (18-27). This future focus must also influence our lives today. Our lives here on earth must begin to reflect the life in heaven.

Verses 28-39 tell us that we cannot be separated from God's love. Nothing on earth or in heaven is able to do that.
Verse 29 gives a sequence of God's loving grace working in our lives. Foreknowledge -> predestination -> calling -> justification -> glorification. God's work is complete.

How should we respond to this (31)? Paul responds by stating his conviction that nothing can separate us from God's love. He calls us more than conquerors in verse 37. We have a complete triumph. There can be no enemy comeback. The enemy is completely destroyed.

This love has to come out in our lives.

In Ephesians 3:14-19 Paul addresses the whole congregation urging them to let this love come out. We need to be rooted and established in love (17) in order to bring forth fruit. We need to know Christ's love, a love that surpasses human knowledge.

Let's look at a few examples to illustrate this.

Joseph's relationship with his brothers (Genesis 45 and 50). Despite what they had done to him, Joseph did not hate his brothers.

Jonathan and David's friendship. After Saul and Jonathan's deaths, David weeps for them (2 Samuel 1). In 2 Samuel 1:26 he says that Jonathan's love was more wonderful to him than the love of women. This does not indicate a homosexual relationship, but rather indicates a depth of love forged between two men.

Paul's relationship with Barnabas and Mark. In Acts 15:36-41 Paul and Barnabas disagreed about whether or not to take Mark along. They even parted as a result! Yet Mark's name appears later in some of Paul's letters. In 2 Timothy 4:11, Paul actually wants Mark!

Thus the triumph of love means that we are able to put the past behind us and to love people today.



WAT SIEN JY IN DIE SPIEËL?

Verwerkte artikel uit "Die Gereformeerde Vroueblad"

Anita Zielman

Wat gaan deur jou kop as jy in die spieël kyk? Jy dink: ag kyk hierdie simpel puisie of die moesie by my mond. Jy sien al jou onvolmaakte gelaatstrekke raak. Dan wil jy vir jouself tong uit steek. Om dit te vermy, vermy jy dan maar die spieël. Dan hoef jy jouself nie in die oë te kyk nie, sodat jy nie sien hoe onvolmaak jy is nie.

Dan kom daar wel onbewustelik 'n paar irriterende vrae in jou op, meestal vrae waarop jy self nooit die antwoord sal weet nie. Byvoorbeeld vrae oor verhoudings tussen mense, veral oor jou medemens wat saam met jou deel het aan die gemeenskap van die Heiliges. Waarom is die houding tussen gemeentelede soms so strak en onwelkom.

Waarom vind ek altyd fout met dit wat ander doen en het ek baie kritiek, maar sien ek nie eers my eie foute raak nie? Waarom moet ek altyd by vereniging of as ons as vriende in die geloof saam praat, met iemand verskil? Waarom, al weet ek hier diep binne in my dat ek verkeerd is, hou ek aan met my standpunt totdat mense met my saamstem? Waarom is daar dan steeds mense wat nie my standpunt kan of wil insien nie?

Miskien moet ons die vrae omdraai. Vanuit watter vertrekpunt kyk ek na die wêreld? Hoe sien ek my self as lewende lid in die gemeenskap van die Heiliges? Waaraan meet ek my motiewe? Hoe dink ek oor mense verhoudings en dan spesifiek verhoudings tussen gemeentelede onderling? Deur die "lewensspieël" ondek jy 'n skrikwekkende waarheid oor al die vrae wat jy aan jouself rig. Jy ondek hoe onvolmaak jy eintlik is, hoe min jy jou motiewe aan die Bybel meet.

Toets jouself deur na die kolomme te kyk. Met watter kolom kan jy jouself vereenselwig? Is die wortels van my uitgangspunte oor my leefwêreld nie dikwels in die eerste kolom nie? Herken jy jouself (met 'n skok) in die kolom? Is dit vir my belangrik dat mense eintlik moet "presteer" om aanvaar te word? Moet die mens eers goedkeuring "verdien" voordat ek hulle sal aanvaar? Is ek nie maar geneig om gou-gou 'n etiket om iemand se skouers te hang nie? Aanvaar ek mense slegs as ek uit die verhouding voordeel kan trek? Wat sê die Bybel van onderlinge verhoudings met jou medegelowiges?

Die volgende twee kolomme dui twee spieëls aan. Wat sien jy in die spieëls?

VERHOUDINGS EN DIE HANTERING DAARVAN
Die twee speëls soos opgestel deur Dr. Johann Oostenbrink, met hier en daar ‘n aanpassing.

KOLOM 1	**KOLOM 2**
Ek self bepaal die spelreels. Ek “verdien” my eie punte. Ek manipuleer om te kry wat ek wil hê – so sê die wereld.	Ek hoor God se stem – ook in menslike verhoudings Ek sien alle verhoudings as geanker is God se genade en Sy Woord.
Ek is oortuig van die volgende: Elke mens het in hom/ haar ‘n diep innerlike goedheid en potensiaal om gelukkig te kan wees. In die gemeente is dit ander se verantwoordelikheid om my te help om gelukkig te wees.	Ek bely die volgende: Ons is almal van nature sondaars; daarom het ons in onsself niks goed nie. Geen mens of prestasie van my kant af of enigiets anders het die vermoë om my gelukkig of vervuld te maak nie (Ps. 51:7; Rom. 3:23; 7:24)
Ek vertrou op dinge buite myself om my lewe vol en gelukkig te maak – my vriende, geld, my dominee, die kerk, die dokter, my eie prestasievermoë.	Ek glo met oorgawe: God is die enigste Bron van ware lewe en lewensgeluk. Hy het die laaste woord oor my. In Christus het ek die ware lewe ontvang. (Joh. 3:16; 7:37-38; Ps. 36:10)
Ek manipuleer, blameer en verkleineer ander om te kry wat ek wil hê. Ek probeer met prestasie myself bewys. Ek glo ek moet self my geluk “gryp”.	Op grond van wat ek glo en bely, maak ek daagliks tyd vir bid, Bybellees en geloofs “oefeninge”. Ek drink en leef uit die Fontein van die Lewe. Ek stel my oop dat God my met sy Gees, liefde en genade kan vul (Gal. 2:19-20)
Ek gebruik verhoudings tot my eie voordeel. Hulle prestasies moet my naam bevoordeel.	Ek moet myself gee in my verhoudings en my mede mens lief hê. Ek moet onselfsugtig wees – die ander persoon se geluk en voordeel kom eerste en dan ek self. (1 Joh. 4: 7-21)
Ek gebruik my verstandsvaardighede om myself te verdedig; myself te handhaaf. Ek is haastig om my sê te sê. Ek luister nie juis na ander nie, ek stel meer belang in myself en wat ek sê.	Ek besef dat my verstandsvaardighede my in staat stel om ook van ander te leer en meer begrip vir my medemens te kry. Daarom is ek gou om te luister en stadig om te praat. (Jak. 1:19)
My ware bedoeling is nooit duidelik nie. Soms verdraai ek maar die waarheid - dit pas my verskuilde agenda beter.	Ek stel my daarop in om te kommunikeer dat almal besef ek het geen verskuilde agenda nie. Ek probeer by die waarheid bly. (Ef. 4:25)
In verhoudings is daar reëls en verwagtinge. Maar as dinge verkeerd gaan is dit nooit my skuld nie.	In my onderlinge verhoudings met ander weet die persoon waar hy met my staan omdat ek met hom die “reël” bespreek. (Ef. 4:25)
Ek sukkel om mense se andersheid te aanvaar. Ek wys ander op hul foute sodat ek beter kan voel oor my eie foute.	Ek benadruk my medemens se positiewe eienskappe en gedrag en aanvaar sy/haar andersheid as Godgeskape uniekheid. So bou on mekaar op in die liggaam van die geloof. (Ef. 4:29; Fil. 2:3-4)
As iemand anders teenoor my fouteer, reageer ek met foutvindery en blamering. Vergewe sal ek miskien maar vergeet….nooit.	As gemeenskap van die Heiliges moet ons mekaar oppas om die Liggaam gesond te hou. Dit moet ons doen deur liefde, vemaning, tug en nederig ander te help. So is ons dan ook meer geduldig met mekaar en bereid om mekaar te vergewe. (Gal. 6:1-5)

REAKSIE OP "KYK IS VRY, OF NIE?"

Hilde Ros & Karina Smit

Hierdie artikel is geskryf na aanleiding van die reël: "Hier in Gauteng is ons interkerklike vriendskappe baie oppervlakkig". Ek kry die idee dat daar die laaste tyd 'n algehele pessimistiese siening onder ons jeug heers – soms gegrond, soms ongegrond. Daar word veral gekla oor die sosiale aspekte van ons jeug.

'n Hele paar jaar gelede was die situasie anders as vandag. Ek onthou dat daar baie "groepies" was met net "uitgesoektes" wat daar en daar kan gaan koffiedrink – die ander is uitgestoot of het verlore geraak. Toe was ons gemeente ook twee keer so groot as wat hy nou is en jy het dikwels nie eens al jou medegelowiges geken nie. Jou vriende by die kerk was (toevallig) ook jou vriende op skool en wanneer iemand anders in die kerk op 'n ander skool is, was daar gou nie meer sprake van 'n vriendskap nie – julle is mos nie op dieselfde skool en ken mekaar dus nie rêrig goed nie? Vandag is daar nog steeds mense wat as gevolg daarvan hul eie paadjie loop – jammer.

Dan kyk ek na die ontwikkeling van toe af tot nou. Iewers het iemand besef dat gemeenskap van Heiliges meer is as die "cool-groep" en die "koeksister-tannies". Daar is begin om koffiedrinke te reël by byvoorbeeld die Uniegeboue of Fort Klapperkop en daar is moeite gedoen om seker te maak dat almal weet hulle is welkom – gereeld is Sondagoggende gevra: "Waar drink ons vanaand koffie?" 'n Paar jong aspirante het begin kitaar speel en saam het ons geestelike liedere gesing asook ligter musiek. Dit was ook makliker om die hele gemeente se jeug te betrek, aangesien die jeug se getalle na die splitsing met Maranata met ongeveer 'n derde afgeneem het. Wanneer jy nie daar was nie was dit jou eie besluit.

Dit het nogsteeds met rukke en stote gegaan, ja. Die gesprekke was nie altyd ernstig en diep nie, dikwels is grappe gemaak en soms raak jy moeg vir mekaar wanneer daar te veel gekuier is. En die mense praat nie net oor selfone nie. Ek was daar. En ek glo ook nie dat 'n mens kan verwag dat jy jou hartsgeheime en probleme met twintig ander hoef te deel nie. Ten minste ken die meeste van die jeug mekaar nou beter en is dit makliker om met jou probleme na iemand te gaan, want die grondslag van vertroue is gelê. Is dit nie genoeg om oor dankbaar te wees nie? En die paar haakplekke - is dit nie 'n aanduiding dat daar gebid en gewerk moet word nie in plaas van om mekaar heeldag lank te kritiseer nie? En is dit nie 'n opdrag van God om ons jeug te geniet nie? Mag ons dan nie maar so nou en dan lag nie? En die feit dat ons gemeenskap van die Heiliges is, beteken dit nie ook dat vroulik vir manlik kan ondersteun en andersom ook, in 'n goeie vriendskapsband nie? En wie is ons om vriendskappe af te skiet? (Hier stem ek wel saam met die res van die artikel.)

'n Koffiedrink sal ook so na jou oorkom soos wat jy daarteenoor staan. As jy dink dat jy leë gesprekke gaan vind, dan sal jy dit ook oppervlakkig vind. Maar as jy na dieper gesprekke gaan soek, sal jy ook 'n geestelike vrugbare aand kan hê. Ek kan getuig van baie koffiedrinke waar ek diep gesprekke met mense gevoer het. Die koffiedrink is ook 'n geleentheid waar mense van buite die kerk asook jonger jeug gou tuis mag voel tussen ons kerk se jeug. Doen jouself 'n guns en gaan na 'n koffiedrink en soek dan iemand om 'n dieper gesprek mee te voer. Ek is seker jy sal 'n suksesvolle aand hê.

Ek kan verder met dankbaarheid sê dat daar reeds lankal iets gedoen is aan die feit dat gesprekke leeg en oppervlakkig kan raak. Ek weet diep gesprekke behels nie net diep hartsgeheime nie. 'n Hele paar maande terug is op Donderdagaande sprekersaande gereel waar 'n "expert" gepraat het met geleentheid vir 'n bespreking daaroor na die tyd – was jy daar? Hoekom het dit so half en half doodgeloop? En wat van die gereformeerde studentevereniging waar jy leer om jou studies in 'n Bybelse perspektief te plaas? Is jy elke keer daar of net wanneer die onderwerp jou belangstellingsveld dek? Ek vra maar net. Moet alle byeenkomste van die jeug dan ernstig wees? In Prediker 11: 9-10 staan daar dat die jongeling bly moet wees en sy jeug moet geniet, dit moet wel met verantwoordelikheid teenoor God geskied.

Daar word maklik vinger gewys na die jeug wat "sleg" is en daar word baie gekritiseer. Hoekom kan die persone wat kritiseer nie self iets aan die situasie begin doen nie? Hoekom kom daar nie nuwe idees wat ons jeug nader aanmekaar kan trek nie? Kritiek kan baie keer mense juis verder van mekaar af verwyder. Ek hoop dat ons almal God sal bid vir krag om die positiewe raak te sien, dankbaar te wees en bid om te leef volgens die Woord van God en om mekaar by te staan, wanneer iemand val ook.

Ons is almal sondige kinders van God.



Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak''

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

EERSTEJAARS VANNIE KAAP

Ons jeug in die Kaap het ses nuwe lede gewerf as gevolg van die nuwe jaar! Om hulle 'n bietjie bekend te stel aan die res van ons, is aan hulle 'n paar uiters persoonlike vrae gevra. Naam? Op watter skool en in watter graad is jy? Stokperdjies en toekomsplanne?

Alfred Haak, Hoërskool Bellville, Graad 11
Hy speel sokker, bewonder sy ouer broer en weet nog nie wat hy na skool wil doen nie.
Sjirk Geerts, Hoërskool Bellville, Graad 11
Hy blaas die tuba (musiekinstrument) en speel sokker. Hy weet nog nie wat hy na skool wil doen nie.
Ingrid Byker, Hoërskool President, Graad 11
Sy speel klavier, sing koor en ry af-en-toe perd. Sy oorweeg dit om eendag veearts of fisioterapeut te word.
Marcel du Plessis, Hoërskool Bellville, Graad 11
Hy speel krieket, ry fiets en draf. Hy hou van rekenaars en sien sy toekoms daarin.
Corné Kooyman, Hoërskool Groote Schuur, Gr. 11
Hy speel hokkie en tennis en op dromme en rekenaars. Hy wil ook eendag werk in die rekenaarwêreld.
Elisabeth Raimond, Hoërskool Bellville, Graad 11
Sy speel klavier en gesels graag lank oor die telefoon. Sy weet nog nie in watter rigting sy wil werk of studeer nie.

Namens die res van die jeug: BAIE WELKOM! Kom ontspan gereeld saam met die jeug en gesels en luister gerus saam op jeugvereniging.

DEUR DIE SLEUTELGAT

Die sleutelgatloerder is terug na die lang vakansie en het so baie om oor te praat dat ek amper twee sleutelgate nodig het. Desember was 'n interessante maand met warm weer en duidelike *socials*. Die Transvalers se koms het natuurlik ook baie gehelp! Die Transvalers het ons die jaar baie beïndruk sodat selfs 'n paar Kapenaars hulle opinie oor die Transvalers verander het! Ons het dit almal baie geniet om julle Valies hier te hê en moet maar nie te veel terug verlang nie. Moenie te veel stres as alles nie op kronologiese volgorde is nie, alles het so vinnig gebeur. Hulle het net voor Kongres gekom en net 'n week na Kongres was almal *gone*.

Die *aliens* (wesens wat van 'n ander kultuur afkom) het natuurlik die beste plekke hier besoek en kon nie genoeg kry nie. Een van die plekke was Clifton, dit was so gereeld besoek dat ek nie dink dat een van die Transvalers of Kapenaars nie eenmaal daar was nie. Mense het kreatief geraak met lewendige sand beelde, sommiges met groot mae en agterstewes. Sonja, Carina en Monika was die beelde (nogal mooies ook!), ek kan net nie meer onthou wie die groot agterstewes of maag gehad het nie! Erik van Alten was die hoof beeldhouer met vele gewillige helpers. Goeie *job* Erik! Almal moes maar later om hulle kuier en die ander groep wat jy kon besoek was Theo se filosofiese (of *plain nonsense*) hoekie, en Marti en Abie se goed voorsiene groep wat glase vir wyn en kersstaanders, wat windbestand was, gebring het. Goeie afwisseling vir almal. Die *Aussies* en 'n paar ander het ook 'n slag die "*moving rock*" gevorm. Dit bestaan uit mense wat

in ‘n kring sit met ‘n slaapsak oor hulle (om natuurlik die koue uit te hou) wat spookstories vertel. *Joe* het die hoogste woord gedra en almal die skrik op die lyf geja met sy stories. Daar was ook gereelde strandwandelings vir die wat romanties is van hart.

Kongres het afgeskop en die hoogte punte, buiten die werkswinkels, was die gekuier in die aand om die vuur. Met gekontroleerde drankverkope en goeie geselskap was dit ‘n wenner. Jy kon jou toekoms laat lees by Richard en Laurike met merkwaardige akkurate voorspellings! Verder het Gys ons vermaak met briljante kitaarspel, definitief ‘n groot naam om dop te hou in die toekoms. Ander het probeer om saam te sing maar het later maar gebly by die alternatiewe Volkslied en Westlife se nuwe treffers. Ons was ook geëerd met Ake, Floris en Jaques se teenwoordigheid een aand. Ake (of Aaklig) het sy oë (en sy flits) oop gehou vir enige ontwikkelinge om die vuur, maar kon nie eintlik iets wys raak nie. Hy en sy nuwe beste vriend Martinus (staan ook bekend as T-rex, of net Mister-T) het ons darem die laaste aand vermaak met hul *jokes*. Gerugte doen ook die rondte dat hulle die een of ander tyd hul eie “webwerf” gaan skep, met al hul beste *jokes* op.

Ons sal seker ook maar moet noem die skater *bru’s* onder ons wat vele vermaak het met hulle sterke verhale. Erik-Jan (*he’s been around the world*) en Arjan (of eintlik Air Jaun, of so-iets) kan ook *sense* praat vir die wat gewonder het! Jy moet net laat genoeg opbly. Soos julle kan sien was laat aande aan die orde van die dag. Tog was daar lewende gesprekke tydens en na die werkswinkels. Dankie vir almal wat hard moes konsentreer tydens die werkswinkels en vir almal wat die kongres ‘n sukses gemaak het. Mirjam, Aliena (ons kookwater ingevoerde kok), Andreas wat die vuur georganiseer het, en almal wat verder orals betrokke was al was dit net om die reuse skottelgoed te was.

Mense het vuil (letterlik) geraak met die waatlemoenfees - die paar wat deurgeloop het. Daarna almal in die swembad waar Mendel die rots in die branding was wat niemand kon beroof van die bal nie.
Toe die langverwagte sokker. Ons sal maar nie oor die mans se wedstryd praat nie, verstewig met ingevoerde spelers was daar net een ligpunt in die wedstryd en dit was ons borrellende doelwagter, Jaques wat vir my speler van die wedstryd was. Op die ou einde van die dag kan ons wel met trots sê dat sokker die eintlike kampioen was. Die Kaapse *girls* het moedig geveg en belowende aanvalle keer op keer geloots maar kon na ‘n vroëe doel deur die ervare Transvalers nie die agterstand uitwis nie. Dankie vir die opwinding, dames!

Die *volleyball* het nie so baie aandag getrek nie maar was net so opwindend. Ons praat alweer nie oor die uitslae by die mans nie, alhoewel daar baie van opinie was dat hulle uit en uit die beste span was!
Hulle het al vroeg (die eerste wedstryd) vasgeval teen die *socials* span, waar oom Jan die doring in die vlees was. Die meisies was meer opwindend maar ongelukkig kan ek nie meer onthou wie gewen het nie (ons sê maar dit was die Kaap), ek dink ek het te hard ge*cheer* en vergeet om te kyk wie wen…

Kongresete was ‘n sukses, dankie Padda vir die wonderlike aand. Johannes de Vries het almal vermaak met sy manewales as die ou oupa met die gesig vol vratte, groot neus en krom rug! Patti was Jimi Hendrix, die legendariese kitaarspeler uit die *sixties* vir die wat gewonder het, en het perfek in die *sixties* tema ingepas met sy *afro* en gepaste uitrusting.

Die Kongres was verby en almal was *down*. Maar nie vir lank nie! Oujaarsaand was nog daar *bru*. Peter en Frans het gashere gespeel, dankie dat ons dit by julle kon hou, en almal het lekker gekuier en mekaar gelukkige nuwejaar toegewens en toe rond gery na die families. Die ander het die vuur aan die gang gehou en die ander na hul trip terug verwelkom. Natuurlik was die aand nog jonk en eers later het almal stadigaan weggeslenter huis toe. Spesiale vermelding moet gemaak word van Corrien en Anja wat met baie ouens se wasgoed, en ander dinge moes opsit. Ouens as julle eendag ‘n flukse en goeie vrou wil hê weet julle waar om te kyk! Ons was ‘n paar keer ook vermaak op die Kuilsrivier camping met die outdoor mense wat ook Tafelberg met sterk wind bestyg het en goed die Kaap verken het. Ja ek kom nou so stadig maar seker na die einde van die geloerdery, en ek het seker nog baie gemis.

Die een vraag wat julle seker verwag ek moet beantwoord is die paartjie ontwikkelinge! Gelukkig (of ongelukkig) was dit maar stil op die front. Erik en Tineke was blykbaar hier maar ek kon hulle nêrens kry nie. Theo moes inderhaas na Oujaarsaand na Struisbaai, hoekom weet ek ook nie! Hester het ook haar hande vuil gemaak aan die saak en in die proses vele ouens in die Kaap en in Gauteng teleurgestel. Jammer ouens kans verbeur! Verder was almal maar wys en het lekker vriende gemaak en lekker tye gehad.

Ons het afskeid geneem by van Altens waar ons veterane Floris, Jaques, Peter en Frans dit ‘n laat aandjie gemaak het. Ons wag almal nou nog in spanning vir die bekendstelling van Floris en Jaques se nuwe *remix* van Jan Pierewiet. Trane was in almal se oë en sekeres het ons gesukkel om van mekaar los te skeur sodat hulle kan gaan. Ons het baie geleer die tyd (soms uit foute!) en moes so baie in so ‘n kort tydjie inpas. Tyd was die groot vyand. Maar ek dink die telefoonlyne sal oorlaai wees met *e-mails* en langafstand oproepe wat ouers se bloeddruk laat styg. Dink maar so ‘n bietjie aan julle kinders ma’s en pa’s en gee hulle so ‘n bietjie skiet!
Meer volgende keer van my af oor die Kaap se herstel na die blitsbesoek van ons “suster”jeug en die nuwe JS met hul plan van aksie en jeugvereniging *updates*! *Cheers.*

Die Sleutelgatloerder

GEDAGTES VANUIT LONDON

Annemarie Lubbinge

Baie van julle sal seker al wonder hoe dit met ons gaan en wat ons alles doen. Wel, ek sal my gedagtes en idees oor London weergee.

Ons het Dinsdag-oggend 18 Julie 2000 hier geland op Heathrow. Dit is dan ook hier waar ons avontuur begin het. Die eerste 3 nagte het ons in ‘n Youth Hostel gebly in die middestad. Dit is baie interessant, want jy ontmoet mense vanoor die hele wêreld. Op die oomblik bly ons in noord-oos London, in Leyton. Ons is 9 Suid-Afrikaners in ‘n 4 slaapkamer huis. Gelukkig het ons 2 badkamers, want anders sou ons seker nooit almal skoon gekom het nie. Dit is ‘n gesellige maar ook raserige huis. Ons bly lekker, maar ook nie sonder probleme nie. Die wasmasjien was ‘n ruk stukkend, die yskas was te klein (nou het ons 2), en ons het ‘n week lank nie gas gehad nie (dit beteken koue stort en geen stoof). Toe hou ons ‘n vergadering met die verhuurder (ook van SA) en nou is alles weer reg.

Sondae gaan ons na Coley Abbey, dit is baie naby aan St. Pauls Katedraal. Dit is ‘n gemeente van die Free Church of Scotland. Die Woordverkondiging is dieselfde as by ons, maar die orde van die diens is anders. Hulle het ook nie ‘n orrel nie, maar ‘n voorsanger. Die mense is baie vriendelik en ons het dadelik tuis gevoel. Ons gaan eet ook gereeld op Sondae by mense in die gemeente. Ek dink ons gemeente kan nog heelwat leer by hierdie mense. Ons gaan ook gereeld na St. Pauls toe op ‘n Sondag middag. Hulle is op die oomblik nog besig met ‘n reeks musiek van Bach. As jy onder die koepel sit is die akoestiek so goed en die klank so suiwer dat jy skoon hoendervleis kry.

Verder is ons ook nie die enigste Afrikaners in die kerk nie. Reinier van den Bout, Carla Jansen, Aurelius Kuyvenhoven, Magdel en Mornè Jolie is ook hier.

Ons was darem ook al uit London. Met die langnaweek in Augustus was ons na die weskus toe. Die platteland is baie mooi en die kus is ru met kranse en baie klippe. Die see is ook yskoud. Om te kampeer is nie duur nie, maar jy moet vir ‘n stort van ongeveer 5 min 20 pennies betaal of anders moet jy maar vuil bly. Ons was ook by King Arthur se kasteel by Stonehedge.

London self is ook ‘n besige stad met ‘n baie ou geskiedenis, maar ook met baie nuwe ontwikkelinge. Ons was al by al die ou geboue, maar nog nie oral binne nie. Ons los dit vir die winter, want die weer is nog te mooi. Ons het nog baie min reën gehad, maar dit word nou al kouer en die dae korter. Dit was nie te moeilik om aan te pas nie, maar ons mis SA en al die mense by die huis. Julle moet besef watter voorreg julle het om in ‘n Christelike omgewing groot te word en te leef. Hier is gaan amper niemand kerk toe nie en om elke hoek en draai is daar pornografie of suggestiewe advertensies. Baie jongmense is totale heidene en daar word baie sending in die stad gedoen. So, onthou om dit wat julle het te bewaar en te waardeer.

Ons dink aan julle en verlang na alles wat ons moet mis.
Groete Annemarie en Hannes

VOETSPOOR

Dit is nou die begin van die jaar 2001 en die Voetspoor trap maar nog steeds spore in die aktiwiteite van die jeug. Aan die begin van die jaar is die meeste mense vol afwagting en vol nuwe lewenslus vir die jaar wat voorlê. Mag dit vir almal van julle 'n baie geseënde jaar wees (en mag die meeste van julle se nuwejaarsvoornemens werklikheid word).

Ek wil afskop met goeie nuus. Dit lyk my die troukoors is behoorlik in die lug. Die afgelope twee maande het daar drie paartjies verloof geraak. Hannes en Annemarie, Johannes en Erika, Jean en Lientjie – baie geluk met hierdie stap. Mag die pad vorentoe ook vol vreugde wees en mag dit voorspoedig gaan met die troureëlings (van wat ek hoor beplan al drie paartjies om hierdie jaar nog te trou).

Cupido het op die kongres ook lekker met sy pyltjies gespeel. Daar is nie baie vaste paartjies wat gevorm het nie, maar ek weet wel van 'n hele paar gebreekte harte wat hier in Pretoria is. Daar is selfs 'n paar van die jeug wat Kaap toe wil trek. Die kongres het egter nie net oor verliefheid gegaan nie. Ons kon mekaar as jeug lekker leer ken. Nuwe vriendskapsbande kon weer gebou word en oues is weer verstewig. Mirjam, baie dankie vir al jou reëlings sodat ons so 'n lekker kongres kon hou. Ons mag die Here ook dank dat Hy al die jeug van Gauteng weer veilig in Pretoria teruggebring het.



Ons moet van Hein de Jager afskeid neem. Hy het nou Kaap toe getrek. Ons hoop dat jy dit daar in die Kaap sal geniet. Mag jy gou jou plek daar vind.

Anja, Wieger en Jean-Paul het weer 'n keer kom gesig wys in Suid-Afrika nadat hulle vir 'n jaar oorsee was. Dit lyk asof die lewe oorsee hierdie mense goed gedoen het.

Ek wil net afsluit deur welkom te sê aan die nuwe eerstejaars, mag julle gou welkom voel by die ouer jeug. Verder, sterkte aan almal vir die jaar wat voorlê. Mag dit 'n baie suksesvolle jaar wees. Onthou om die pad saam met die Vader te loop, want dan sal alles reg uitwerk.

Voetspoorgroete

TIDE

From 7th June until 11th June 2001, the youth of the Reformed Churches in the Netherlands (Gereformeerde Kerken - vrijgemaakt) will be holding an International Youth Conference in Groningen, the Netherlands.

The conference is aimed at youth between 18 and 30, who are members of the Reformed Church of the Netherlands (Gereformeerde Kerken - vrijgemaakt), or a corresponding church. The aim is that Reformed and Presbyterian youth serve God together by song, prayer, and bible study. There are also other activities on the programme, such as sports, games, music etc.

The theme of the conference is “Being a Christian Beyond 2000 – Mission Impossible?” Each day a subject from the Bible will be dealt with, by means of an introduction or reading. After that, participants will get the chance to delve further into the topic by means of bible study, group discussions, or workshops.

Speakers from London, Scotland and the Netherlands will be presenting the readings.

Participants will be able to reside in Groningen at no cost from the 6th until the 12th of June 2001. This means that meals and accommodation will be provided at no charge. There is also no admission fee for overseas participants - they only need to pay their journey to Groningen and home again. More information can be found on the following website: http://www.gvgroningen.nl/tide.

KIND VAN VERSOENING - FRANCINE RIVERS

Wilma Lubbinge

Dit was Dynah Carey se eerste jaar op universiteit toe haar onskuld en jeug van haar af weggeneem is. Die een oomblik was sy nog vol opgewondenheid oor haar trou en die volgende moes sy veg vir haar lewe. Wat gebeur het klink soos die koerant berigte wat ons elke dag lees - Jong meisie verkrag en mishandel in parkie gevind.



Maar dit is soveel anders as mens self betrokke raak by die persoon, haar skuldgevoelens, pyn, wroeging - daar is soveel oorweldigende emosies. En na die geweldadige nag verander Dynah se lewe nog meer…. Sy is swanger. Nie by haar verloofde nie, maar a.g.v die verkragting. Die ondenkbare het gebeur. En die bose kringloop gaan nog verder. Dynah moet keuses maak.

Haar verhouding met haar verloofde begin moeiliker raak, skielik is sy nie meer welkom by die universiteit nie, haar vriende tree anders teen haar op. Maar die moeilikste van alles - sy moet besluit of sy die kind gaan behou of nie. Volgens wetlike bepaalings is sy geregte op 'n aborsie, haar vriende, verloofde en ouers voel ook so. Volgens hulle sal dit die maklikste wees om die swangerskap te beëindig en van die nare ondervinding te vergeet….
Maar vir Dynah is dit nie so maklik nie, is sy dan nie 'n Christen wat glo dat alle lewe heilig is nie? Maar die seer in haar, en die druk van buite is so groot… En dan is daar nog Joe ook…

Die boek vertel storie van so baie vroue in ons land, en die keuses wat hulle moet maak of reeds gemaak het. En hoe hulle elke dag daarmee moet saam leef en hulle worsteling met God. Die boek is Christelik van aard en vertel uit 'n godsdienstige agtergrond die hartseer verhaal van die stryd tussen lewe en dood.

Beskikbaar in die Mediateek VGK Pretoria.

ONE TRUE THING - ANNA QUINDLEN

Haar loopbaan was net op volspoed, sy was gelukkig en die toekoms het gewink. Tot sy die vakansie by haar ouers gaan kuier en sy daar haar verantwoordelikheid moet na kom. Dis nie dat sy nie lief is vir haar ouers nie, maar as jy 22 is voel dit of daar belangriker dinge is om te doen as om jou ma se huishouding oor te neem en haar te versorg.

Ellen bedank haar werk en begin met die hartseer taak om haar ma, Kate te versorg. Die is terminaal siek aan kanker en sal nog net 'n paar maande leef. Maar die maande wat volg verander toe in 'n ontdekkingstog, waar ma en dogter mekaar weer leer ken en ontdek. Ellen leer haar ma se lewe en hartseer ken, en haar ma leer van die toekomsplanne van haar dogter.

Kate het al swakker en sieker geword en uiteindelik gesterf in die vroeë oggend ure een Februarie oggend. Maar waar die einde van die hartseer moet wees begin iets so veel erger. Ellen word aangekla dat sy op haar ma genadedood toegepas het. En haar Pa is ook teen haar…

Die boek gee die volle spektrum van emosies en fisiese probleme tydens die versorging van 'n terminale familie lid, asook die verwerking van die siekte deur die sieke self.
Hoewel die boek defenitief nie uit 'n Christelike agtergrond geskryf is nie, is dit wel die moeite werd om te lees. Dit tref elke hartsnaar.

NUWEJAARSVOORNEMENS

Die nuwe jaar het alweer begin. Met die begin van 'n nuwe jaar maak baie mense voornemens van dinge wat hulle beplan of wil verander. Dit is met hierdie tipe gedagtes dat ek die volgende gedig onder julle aandag bring. Hierdie gedig wys op voornemens, maar vra tegelyk dat God sal help om daardie voornemens realiteit te maak. Sonder Hom kan ons niks bereik nie.

Groete,
Willemien

"Make me a miracle" – a prayer

Lord, make me a miracle
– a miracle of grace.
Let other see through me
Your loving face.
Renew my spirit
to be more like you.
Let me be Christlike
in all that I do.
Help me to reach out
to the weak and the poor;
Place words in my mouth
to comfort the sore.
Make me a pillar
– a pillar of strength
And make me willing
to go any length.
Grant me Your wisdom
and grant patience too.
Let me be humble
in all that I do.
Make me a light
to those around me,
So that they
Your truth may see.
Let me lead them
to Your throne,
So that they can place
their trust in You alone.

VERJAARSDAE!

Bethal

Hannes van der Merwe	9 Feb

Johannesburg

Wolter Bijker	20 Mar
Johan van Lith	22 Mar

Kaapstad

Hester Douma	4 Feb
Sonja van der Linden	15 Feb
Carien Antonides	28 Feb
Corrien Geleijnse	1 Mar
Geerarda van der Vinne	3 Mar
Maarten Raimond	21 Mar

Maranata

Wolter Miske	10 Feb
Tanya Kampman	13 Feb
Welma Wehmeyer	18 Feb
Roelof de Jong	18 Feb
Bertha de Jager	3 Mar
Jennie Kampman	11 Mar
Jean-Paul van den Bout	12 Mar
Gerda Aartsma	24 Mar
Marinus de Jager	31 Mar

Pretoria

Nicoline Bijker	3 Feb
Arjen Buenk	4 Feb
Andre van der Veen	7 Feb
Wouter Ros	9 Feb
Chris Stolper	10 Feb
Trudie de Jager	11 Feb
Gerrit Smit	17 Feb
Hannes Venter	24 Feb
Ineke Roose	2 Mar
Marjanie Roose	2 Mar
Jaco de Wet	13 Mar
Jan Lubbinge	13 Mar
Annemarie Lubbinge	15 Mar
Annelieke de Vries	21 Mar
Kornelis Miske	21 Mar
Hilbert van den Bout	25 Mar
Natasha Danielz	25 Mar
Albert van der Poel	26 Mar
Frank Douma	30 Mar